**29 Mei 2020**

**AAN: ALLE GEMEENTELEDE**

# INLIGTINGSBRIEF

## Reëlings vir kerkbyeenkomste vanaf 1 Junie 2020

Na aanleiding van die verslapping van regulasies vir kerke, is ons opgewonde om die volgende aan julle deur te gee. As gevolg van die reël dat net 50 mense per geleentheid bymekaar mag kom, kan ons nog nie kerkdienste begin nie. Ons kan wel die kerkgebou oopstel vir selgroepe om die fasiliteite te gebruik. Aangesien dit nog nie duidelik is of mense in selgroepverband by huise mag byeenkom nie, is die kerkperseel 'n opsie wat selgroepe kan oorweeg.

Die volgende riglyne en reëlings geld:

- Die kerk kan vir 1 uur sessies, per selgroep met 10 mense, bespreek word.
- Tussen 09:00 en 16:00 het ons ruimte vir 3 groepe van 10 mense elk.
- Tussen 16:00 en 20:00 is daar ruimte vir 5 groep van 10 mense elk.
- Ons gebruik die boonste en onderste lokale sodat daar sosiale afstand tussen die groepe kan wees.
- Ongelukkig word geen kinders onder die ouderdom van 14 jaar toegelaat nie.
- Lokale met internet is beskikbaar vir selgroepe wat van ***RightNow Media*** gebruik wil maak.
- Die kerk is beskikbaar van Maandae tot Vrydae.
- Na gelang van beskikbaarheid kan dubbelsessies bespreek word indien selgroepe langer wil byeenkom.
- Elke persoon wat die perseel betree, **MOET** 'n masker dra en 'n sosiale afstand van 1.5m moet ten alle tye gehandhaaf word.
- Elke persoon moet sy temperatuur neem by Ontvangs en die register voltooi, en almal moet die handreinigingspuit gebruik. (Selleier is verantwoordelik om dit te fasiliteer.)
- Die lokale sal na elke sessie deur ons werkers ontsmet word.
- Vir veiligheid word **GEEN** eet- of drinkgoed toegelaat nie.

Alle lokaalbesprekings moet vooraf, tussen 09:00 en 13:00 op weeksdae gedoen word deur Yolandie Smit te skakel by 011 867 7244 of stuur 'n e-pos aan yolandie@lewensentrum.org.

Ons vertrou dat julle dit gaan geniet om weer saam te mag kuier en mekaar geestelik op te bou.

Seënwense

*Jean Marais*
*Belewenis-fasiliteerder*